higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5
(TWEEDE VRAESTEL)

19 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Dit is die weerstand wat jy teen iets opbou wanneer jy voortdurend daaraan onderwerp word, byvoorbeeld die aanhoudende gebruik van geneesmiddels. Die persoon moet dan konstant meer daarvan gebruik om dieselfde effek te verkry.

1.1.2 Dit is iets wat uit meer as een element of dimensie bestaan.

1.1.3 Dit is ’n stof/middel wat die liggaam stimuleer en die verstand helder hou.

1.1.4 Dit word ervaar wanneer iets gesien of gehoor word wat nie bestaan nie.

1.1.5 Dit is wanneer ’n persoon in ’n staat van geluk is en uiters goed voel.

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 Egosentries
1.2.2 Promiskuïteit
1.2.3 Sadis
1.2.4 Vasektomie/kastrasie
1.2.5 Voyeurisme

(5 × 2) (10)

1.3 1.3.1 Onwaar
1.3.2 Onwaar
1.3.3 Onwaar
1.3.4 Onwaar
1.3.5 Onwaar

(5 × 2) (10)

1.4 Breinskade; die kind sal dan verstandelik vertraag wees (2)

1.5 Trisomie 21 – Hierdie individue het 47 chromosome in elke sel in plaas van 46. (2)

1.6 So spoedig moontlik ná geboorte (2)

1.7 Oormatige afskeiding van water in die ventrikels van die brein (2)

1.8 Neurotiese kern (2)

[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die oormatige gebruik van alkohol het fisiologiese veranderinge tot gevolg. Mense bou mettertyd ’n weerstand teen alkohol op. Hoe meer hulle drink, hoe meer kan hulle drink. Die rede hiervoor is nie dat daar ’n toename van alkohol in die persoon se metabolisme is nie, maar eerder dat dit ’n aanpassingsproses betreffende die uitwerking van alkohol in die sentrale senustelsel is.

Daar bestaan geen duidelikheid oor die fisiologiese basis van alkoholisme nie. Daar is egter bepaalde fisiologiese faktore wat wel ’n rol speel in die feit dat sekere mense alkoholiste word, naamlik die feit dat mense se weerstand teen alkohol verskil, die idee dat oorerflike faktore ’n rol kan speel, en die feit dat mense se metabolisme verskil.

Voedingstoftekorte soos ’n tekort aan vitamine B kan in sommige gevalle ’n invloed uitoefen. Nog ’n moontlikheid is dat alkoholisme die gevolg van ’n biochemiese fout kan wees, waar genetiese faktore daartoe bydra dat bepaalde belangrike ensieme nie geproduseer word nie. Dit kan daartoe lei dat sekere belangrike voedingstowwe nie deur die liggaam opgeneem word nie. Alkohol word dus vinniger opgeneem wanneer slegs ’n bietjie kos ingeneem word.

Navorsing toon dat daar ’n verwantskap tussen genetiese faktore en alkoholisme bestaan. Weeskinders van alkoholverslaafde ouders word makliker ook alkoholiste as weeskinders wie se ouers nie aan alkohol verslaaf is nie. As die voorkoms van alkoholisme ’n probleem in ’n familie blyk te wees, moet dit as waarskuwing vir die res van die familie dien dat hulle hul drinkgewoontes drasties moet verander. (10)

2.2 Daar is geen duidelik waarneembare kliniese beeld by homoseksuele persone te bespeur nie. ’n Gewilde beskouing, wat ’n wanopvatting is, is dat die homoseksuele persoon homself verraai deur sy feministiese gedrag en houding, geaffekteerde stem en praatjies, ’n bepaalde manier van loop, en ’n bepaalde klerekeuse. Hierdie uiterlike gedragswyses kom as gevolg van ekshibisionistiese motiewe tot uiting.

Nog ’n wanopvatting is dat homoseksuele persone oor die algemeen in vroueberoepe aangetref word, waarvan balletdansers, haarkappers, binnenshuise versierders, modeontwerpers en akteurs voorbeelde is. Hierdie beroep trek ’n aansienlike aantal homoseksuele persone, maar hulle is beslis ook in meer mansgerigte beroepe werksaam.

Selfs persoonlikheidstoetse is selde geskik om homoseksuele persone mee te identifiseer. Handboeke onderskei tussen aktiewe en passiewe homoseksualiteit. Die passiewe homoseksuele persoon vertolk die vrouerol, maar dieselfde persoon kan ’n aktiewe of passiewe rol vertolk, wat van die lewensmaat sal afhang. Selfs dieselfde lewensmaats kan by geleentheid verskillende rolle vertolk.

Kopiereg voorbehou

Daar kan tussen die latente en werklike of uitdruklike homoseksuele persone onderskei word. Latente homoseksualiteit is onbewustelik, maar kom in verskillende situasies tot uiting, byvoorbeeld buitengewone verleentheid wat ervaar word wanneer die persoon voor ander moet verklee.

Wanneer sodanige persone trou, kan huwiliksprobleme ondervind word en impotensie kan daaruit voortvloei. Oormatige geslagsomgang verdoesel aan die ander kant soms onbewustelike homoseksuele neigings. Die optrede van die Don Juan-tipe persoon, wat daarop ingestel is om op vroue jag te maak, is dikwels'n verdedigingsmeganime teen onbewustelike homoseksuele neigings.

Die kompensering vir latente homoseksualiteit lei soms tot gedragsprobleme soos 'n staat van vrees, bitterheid, vernietigende gedrag en die najaging van waandenkbeelde. (5)

2.3 INFEKSIES

Infeksies kan van die moeder aan die kind oorgedra word, of dit kan ná geboorte opgedoen word. Van die belangrikste infeksies wat oorgedra kan word, is aangebore sifilis en die rubellasindroom.

Aangebore sifilis
Spirogeetsifilis dring die plasenta binne en val die fetus in die baarmoeder aan. Die kind word dan met verskillende abnormaliteite gebore, waarvan verstandelike vertraging een is.

Die rubellasindroom
As die swanger moeder tydens die eerste drie maande van haar swangerskap Duitse masels (rubella) opdoen, is die kanse goed (50%–60%) dat die baba met 'n aantal fisiologiese abnormaliteite gebore sal word. Die algemeenste afwykings is blindheid, doofheid, katarakke aan die oë, misvorming van die hart of verstandelike vertraging. Dit gebeur dikwels dat die baba blind, doof en verstandelik vertraag gebore word. Vandag kan vroue teen rubella ingeënt word om die gevaar daarvan te vermy.

Meningitis en enkefalitis
Dit is die algemeenste vorm van infeksie ná geboorte, wat breinskade kan veroorsaak as dit nie vroeg genoeg behandel word nie.

Versteurings in die metabolisme en wanvoeding
Daar is al baie doeltreffende navorsing oor hierdie faktore gedoen. Die beste manier om dit te bekamp, is om dit te probeer voorkom en dit te behandel. Ongelukkig is 5 persent van die voorkoms van verstandelike vertraging aan hierdie soort versteurings te wyte.

Wanvoeding kan tot verstandelike vertraging lei, veral weens 'n vitamientekort soos vitamine B-kompleks en proteïne. Oormatige ontwatering kan tot kindergastroënteritis lei.

BESERINGS

Breinskade kan verstandelike vertraging veroorsaak en dit kan tydens die voorgeboortelike stadium, tydens geboorte of in ’n later stadium plaasvind.

Beserings voor geboorte is gewoonlik nominaal omdat die fetus goed beskerm word. Breinbeserings tydens die geboorte is dikwels ’n faktor van verstandelike vertraging. Wanneer daar komplikasies tydens die geboorte is, veral as instrumente gebruik moet word, kan die skedel beskadig word of die baba kan te min suurstof inkry. Daar kom slegs ’n klein persentasie breinbeserings ná geboorte voor. Dit kan egter steeds op enige ouderdom voorkom.

Bestraling (X-strale)
As die moeder tydens haar swangerskap aan X-strale blootgestel is, kan die fetus breinskade opdoen. As dit tydens die eerste drie maande van haar swangerskap gebeur, is die kanse op breinskade by die fetus nog groter.

Vergiftiging
Verstandelike vertraging as gevolg van vergiftiging kan voor of ná geboorte plaasvind. Chemiese preparate soos kinien en lood wat gebruik word om onwettige aborsies uit te voer, is die oorsaak van talle gevalle van verstandelik vertraagde persone.

Alkoholmisbruik speel ’n rol in die voorkoms van verstandelike vertraging. Die oormatige inname van alkohol tydens ’n swangerskap het ’n uitwerking op die ontwikkeling van die fetus se brein. Vergiftiging ná geboorte, veral loodvergiftiging, is vir ’n klein persentasie verstandelik vertraagde persone verantwoordelik.

Chromosoomdisfunksies
’n Klein persentasie verstandelike vertragings is aan chromosoomgebreke te wyte. Hier dink ons aan mongolisme en die supervrou. Die samestelling van laasgenoemde se chromosome is XXX.

Rhesusonversoenbaarheid
Indien ouers se bloedgroepe bots, byvoorbeeld as die moeder Rh-negatief en die vader Rh-positief is, kan dit tot breinskade by die fetus lei. Teenliggame beweeg oor die plasenta en val die baba se bloed aan.

Ondertrouery
Vroeër jare het hierdie faktor ’n veel groter rol as tans gespeel aangesien dit deesdae nie meer so gereeld voorkom nie. Selfs in die diereryk kan probleme ontstaan as daar te veel inteling plaasvind.

Omgewingsfaktore
Soos in die geval van oorerwing is dit nie moontlik om die spesifieke invloed wat omgewingsfaktore op verstandelike vertraging uitoefen, uit te lig nie. Ons weet wel dat die omgewing ’n belangrike rol in ’n kind se verstandelike ontwikkeling speel. In ’n arm omgewing vind die verstandelike ontwikkeling van ’n kind stadig plaas. ’n Arm kind in ’n arm omgewing kan maklik verstandelik vertraag word, terwyl hierdie kind in ’n meer welvarende omgewing moontlik veel beter sou kon ontwikkel. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Hierdie persoon ervaar seksuele genot wanneer hulle hul liggaam, veral die geslagsorgane, aan mense van die teenoorgestelde geslag ontbloot of vertoon. Dit is ’n afwyking wat in die patologiese vorm daarvan slegs by mans voorkom. Alhoewel vroue ekshibisionisties kan wees deur naak te dans of as fotografiese modelle te poseer, is dit nie ’n perversie nie. Praktiese oorwegings, gedryf deur ekonomiese motiewe, is dikwels van belang in hierdie gevalle.

In geringer patogeniese en sosiaal aanvaarbare vorm kom hierdie afwyking voor onder die dekmantel van verskillende soorte kamoeflering. Strande en openbare swembaddens is ideaal vir die beoefening van hierdie soort ekshibisionisme. Vrouemodes in die Victoriaanse tydperk het die geleentheid geskep vir ekshibisionistiese neigings. In patogeniese vorm is dit ’n ernstige afwyking wat swak op terapie reageer, en die uitwerking van die behandeling daarvan is nie blywend nie. (5)

3.1.2 Hierdie persoon word seksueel gestimuleer deur aan sekere liggaamsdele van die teenoorgestelde geslag te raak, soos hare, voete, hande of bene. Daar word ’n hoë fetisjwaarde aan bepaalde kledingstukke soos sykouse, sakdoeke, onderklere en veral skoene geheg. Seep, parfuum, blomme en bepaalde materiaal soos satyn en sy hou simboliese waarde vir bepaalde fetisjiste in. Daar kan eintlik gesê word dat hoe verder die voorwerp van stimulasie van die geslagsorgane af weg is, hoe groter is die afwyking. Soos met die meeste ander perversies kom hierdie afwyking meestal by mans voor.

In ’n meer normale vorm maak fetisjisme deel van gewone liefdesverhoudings uit in dié sin dat ’n spesifieke deel van die liggaam of kenmerkende artikel wat met liefde geassosieer word, dikwels oorbeklemtoon word. Die adolessent sal tipies daarvan hou om ’n sakdoek of ander besitting van ’n ander persoon, tot wie hy/sy aangetrokke voel, in die hande te kry en dan hierdie artikel te bewaar of te vertroetel. In hierdie geval word die plaasvervanger-item nie deur die werklike persoon vervang soos in die geval van fetisjisme nie. Die oorsaak van hierdie afwyking is nie duidelik nie. (5)

3.2 3.2.1 Dit staan ook as hoë bloeddruk bekend. Hierdie faktor is die mees prominente kardiovaskulêre versteuring. Nagenoeg die helfte van alle mense bo die ouderdom van 45 sterf as gevolg van die een of ander defek van bloedvloei.

Spanning speel ’n groot rol in die voorkoms van hoë bloeddruk, veral wanneer emosies betrokke is. Navorsing het bevind dat die meeste potensiële hoëbloeddruklyers hul emosies onderdruk. Die persoon is uiterlik vriendelik, behulpsaam, saggeaard en geneig tot perfeksionisme. Agter hierdie fasade skuil daar egter ’n persoon

Kopiereg voorbehou

wat aggressief is en vol frustrasies of bitterheid is. Die onderdrukking van gevoelens lei tot baie spanning en angstigheid by die persoon. Die bloedvate vernou gevolglik met verloop van tyd en die hart werk veel harder om bloed deur die liggaam te pomp, wat dan hoë bloeddruk tot gevolg het. 'n Persoon se persoonlikheid speel 'n groot rol in die manier waarop hulle spanning hanteer en in die faktore wat spanning veroorsaak. (5)

3.2.2 'n Maagseer is 'n rouseer wat aan 'n persoon se maagvoering (slymvlies) ontwikkel. Hierdie seer word regstreeks deur 'n verhoogde afskeiding van suur veroorsaak. Die afskeiding van hierdie suur is 'n natuurlike proses wat plaasvind wanneer voedsel in die maag teenwoordig is of wanneer daar aan kos gedink word. By die maagseerlyer word suur egter afgeskei selfs wanneer daar geen voedsel teenwoordig is nie. Die suur begin dus om die maagwande aan te val wat gewoonlik goed toegerus is om maagsuur te weerstaan, maar sodra daar selfs net die geringste skeurtjie of breuk in die voering ontstaan, maak die suur dit erger en vorm daar uiteindelik 'n rouseer.

Navorsing het bevind dat daar 'n verband tussen die ontwikkeling van 'n maagrouseer en emosionele faktore (spanning, frustrasie, ens) is. Selfs rotte en ape, wat voortdurend aan spanning blootgestel is, het maagsere ontwikkel. Die individu se persoonlikheidsamestelling speel verder 'n belangrike rol. Deur navorsing is bevind dat die meeste maagseerlyers hoogs mededingende poste beklee. Dit lei tot die gevolgtrekking dat maagsere ook 'n werksverwante siekte is wat by ambisieuse sakepersone voorkom. Daar word ook 'n bepaalde persoonlikheidstipe met hierdie siekte geassosieer. (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Die uitstaande eienskappe van 'n persoon wat aan 'n fobie ly, is 'n irrasionele vrees vir 'n objek of situasie wat egter ook objektief beskou kan word. Die persoon weet moontlik dat hul vrees ongegrond en selfs belaglik is, maar dit is nie vir hulle moontlik om die vrees te beheer nie. Die persoon word deur vrees oorval sodra hulle met sodanige situasie of met die objek gekontronteer word.
Sekondêre simptome wat met hierdie vrees verband hou, sluit oormatige perspirasie, hoofpyne, rugpyn, duiseligheid, bewerasie, vomering en diaree in.

Die volgende is slegs enkele van die onbeperkte aantal fobies wat kan voorkom:

Agorafobie	–	die vrees vir oop ruimtes
Akrofobie	–	hoogtevrees
Kloustrofobie	–	engtevrees of vrees vir geslote ruimtes
Akwafobie	–	die vrees vir water
Soöfobie	–	die vrees vir diere

Pirofobie – die vrees vir vuur/brande

Soos in die geval van alle ander neuroses kan die fobielyer nie altyd hul vrees wegsteek nie en dit kan openlik gedemonstreer word. Die fobie of vrees kan met die omgewing verband hou, byvoorbeeld ’n stadsinwoner wat ’n vrees vir hysbakke het, terwyl iemand wat op die platteland woon, ’n vrees vir beeste kan hê.

In die ergste vorm kan ’n fobie uiters beperkend op ’n persoon inwerk. Die persoon wat aan ’n akute vrees vir oop ruimtes ly, is nie in staat om ’n straat oor te steek nie. Soms sluit hierdie mense hulleself maande of jare lank in ’n vertrek toe. Die persoon wat kloustrofobies is, sukkel om in ’n motor te ry en klein vertrekkies maak hulle angstig. Die gevolg is dat hierdie soort persoon nie kan sosialiseer of aan die eise van ’n professionele lewe kan voldoen nie. (10)

4.2 4.2.1 Amnesie of geheueverlies is ’n toestand waarin ’n persoon inligting oor hul verlede en selfs hul identiteit verloor. Hulle vergeet hul naam, verblyfsadres, beroep, huwelikstatus, en so meer. Hierdie geheueverlies is nooit volkome nie. Die persoon se woordeskat, sosiale gewoontes en geheue rakende bepaalde inhoude wat nie oor hulself handel nie, bly onaangeraak.

Geheueverlies kan weens breinskade as wat as gevolg van harsingskudding opgedoen is, voorkom. In die meeste gevalle kom geheueverlies egter weens sielkundige faktore voor. Dit is ’n ideale ontvlugting uit ’n emosionele konfliksituasie. Die persoon los hul probleem op deur sielkundige selfdood te pleeg. Voortslepende bekommernisse soos finansiële kwellings, huweliks- en liefdesprobleme, skuldgevoelens, en so meer, is die algemeenste faktore.

Amnesie is tydelik van aard, behalwe waar ernstige breinskade opgedoen is. Wanneer omstandighede gunstig verander, verdwyn die geheueverlies gewoonlik ook. (5)

4.2.2 Slaap is die ideale ontvlugtingsmeganisme. Die student wat byvoorbeeld vir ’n toets of eksamen moet studeer, kan dikwels hul oë, selfs al vroegaand, nie oophou nie. Die gehoor wat na ’n vervelige spreker moet luister, gaap aanhoudend. Daar is selfs opgemerk dat primitiewe Eskimo's in tye van uiterste uitputting’n staat van hibernering binnegaan.

Die patologiese vorm van slaap staan as narkolepsie bekend. Die persoon word oorweldig deur ’n behoefte om te slaap en dit kan van ’n paar uur tot jare lank duur. Soms gaan slaap so ’n persoon herhaalde kere per dag. Ná die sluipmoordaanval op president Kennedy het ’n jong Suid-Amerikaanse meisie in ’n diepe slaap verval wat meer as drie jaar geduur het. In Suid-Afrika het ’n vrou ná die dood van haar verloofde vir drie-en-dertig jaar lank geslaap. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Die wagkamer moet netjies en opgeruim wees.
- Dit moet kleurvol wees, met plante en/of blomme.
- Tydskrifte moet netjies gehou word en dit moet die jongste uitgawes wees.
- Kinderspeelgoed moet gewas kan word. Dit sal die verspreiding van siektes verhoed.
- Opvoedkundige pamflette moet in die wagkamer geplaas word.
- Gebruik ’n ligte verf teen die mure sodat die wagkamer vrolik lyk.
- Sit vrolike muurbehangsels of prente teen die mure op.
- Sorg vir gemaklike meubels met genoegsame ruimte tussen elke meubelstuk sodat die mense wat wag, nie voel hulle word in ’n klein ruimte ingedruk nie.
- Sorg vir voldoende verligting sodat mense gemaklik kan sit en lees.
- Voorsien ’n rak of ’n staander waaraan jasse, baadjies en hoede gehang kan word.
- Maak seker dat die lug wat sirkuleer, vars is en die kamertemperatuur gemaklik is en konstant gehou word.
- Vermy artikels wat die pasiënte nadelig kan beïnvloed soos blomme wat hooikoors kan veroorsaak of ander dinge wat ’n allergiese reaksie kan veroorsaak.
- ’n Gerook mag nie toegelaat word nie aangesien dit skadelik vir die gesondheid van die roker en almal om hulle is. (10)

5.2
- Die spreekkamer moet netjies en opgeruim wees.
- Die voorraad moet gereeld aangevul word.
- Vuil of vuilgemaakte linne moet dadelik deur skoon linne vervang word.
- Snippermandjies moet elke oggend en weer tydens middagete leeggemaak en skoongemaak word.
- Voordat ’n pasiënt na die ondersoekkamer geneem word, maak seker dat die bed en linne netjies en skoon is.
- Gebruikte instrumente moet gewas en dan gesteriliseer word.
- Plaas die instrumente in die korrekte volgorde terug.
- Alle inspuitnaalde moet weggegooi word. Die naalde moet eers gebreek word. (8)

5.3
- Daar moet ongeveer 15 minute vir gereelde en roetinekonsultasies opsygesit word.
- Daar moet meer tyd toegewys word vir afsprake wat langer kan duur (soos opvolgkonsultasies).
- As die dokter volbespreek is en ’n pasiënt die dokter dringend moet spreek, kan so ’n pasiënt ingedruk word, maar die pasiënt moet besef dat hulle sal moet wag. Dit moet met ander woorde aan die pasiënt oorgedra word. (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou